***Die noodsaaklikheid van die 'nie verstaan'!'***

**205** **Ek** sê: "Vriend, kyk eers boontoe na die sterre! Ken jy hulle en verstaan jy wat en waarvoor hulle is? Moet hulle dan daarom nie daar nie wees nie, omdat tot op hede nog geen mens dit kon verstaan het nie? Verstaan jy dalk wat die son en die maan is? Moet dit daarom nie daar wees nie, omdat jy dit nie verstaan nie?!

[2] Verstaan jy die wind, die bliksem, die donder, die reën, die ryp, die sneeu, die ys? Moet dit alles daarom nie daar nie wees nie, omdat jy en alle ander mense dit alles nie verstaan nie?!

[3] Verstaan jy die duisendsoortige diere, hulle gedaante en hulle geaardheid? Verstaan jy die wêreld van die plante en hulle vorms? Weet jy dalk wat moet lig en wat moet warmte wees?!

[4] Moet dit alles daarom ook daar nie wees nie, omdat jy en alle ander mense dit nie kan verstaan nie?!

[5] Verstaan jy dalk jou lewe en hoe jy kan sien, hoor, voel, proe en ruik? Moet die mens dalk nie sien, hoor, voel, proe en ruik nie, omdat hy dit alles nooit kan verstaan nie?!

[6] Omdat daar in hierdie stoflike wêreld al so baie dinge is wat die mensdom nooit volledig sal kan verstaan nie, moet jy maar eers daaroor gaan nadink en My vervolgens jou mening gee!"

[7] **Skabbi** sê: "Majesteit en Meester vol goddelike Krag! Ek hoef nie baie daaroor na te dink nie. Ek verstaan alles wat U vir my hiermee wil sê. U wou dit vir my onder oë bring, dat soos die mens in die sfere van die hoë wysheid soek, dit daar net so eenders is soos in die sfere van die stoflike skepping. Ons mense weet en verstaan eintlik heeltemal niks daarvan nie, behalwe die globale buitekant en dit wat ons met ons growwe, stoflike sintuie daarvan kan waarneem en wat betref vorm, kleur, geur en smaak van die geskape dinge kan onderskei. O, hoe weinig en eintlik heeltemal niks verstaan ons en weet die mens en tog dink hy dat hy baie wys is en is hy trots op sy skamele bietjie kennis! En wat weet hy dan? Niks nie, maar dan ook glad niks nie!

[8] O, hoe blind en dom is alle mense tog! Hulle bring dit nie eers so ver om in te kan sien dat hulle heeltemal niks is en gladnie kan insien en verstaan dat hulle niks is en glad niks kan insien nie. - Die gras groei en die siende en voelende mens verheug hom daaroor. Maar wat nodig is wat die gras moet doen om te ontstaan en te laat groei en wat op dieselfde wyse dit maar altyd laat voortbestaan het - watter sterfling sien dit in?!

[9] Adam, Henog, Noag, Abraham, Isak, Jakob, Moses en Elia was beslis die mees wyste mense wat die aarde ooit gedra het; in hulle was baie lig uit Elohim. Maar geeneen van die genoemde voorvaders van die wysheid kon ook maar in sy drome bedink het hoe gras ontstaan, groei, saad vorm en hoe die moontlikheid in die saadkorrel gelê is vir `n ewigdurende ontwikkeling van `n grenslose hoeveelheid van dieselfde soort gras nie.

[10] Ons weet nog nie eers hoe die allereenvoudigste mosplantjie groei en hom voortplant nie en hoe die wurmpie in die modder kronkel nie, hoe kan ons dan oor die elemente praat en oor die verre sterre?! Omdat ons mense nie eers iets daarvan af weet nie, weet en verstaan ons nog minder wie en wat die sterre is en waarvoor en waaruit hulle gemaak is!

[11] En daarom, groot en verhewe Meester, wil U my, deur aan te dui dat ek volstrek niks weet nie, en in die opsig tereg wys en sê: 'Elohim, die Alwyse, plaas baie vir die oë van die mense en vir almal se uiterlike sintuie en daardeur ook gelyktydig vir die sintuie van die siel, om die mens tot nadenke te dwing.' Maar die mens moet self die verklaring soek. Want as Elohim dit dadelik vir hom sou gegee het, sou die mens binne die kortste tyd traag geword het en uiteindelik deur niks meer geïnteresseer word nie, en lui word.

[12] Want as `n mens eenmaal iets heeltemal ingesien en verstaan het, het sy trae natuur geen belangstelling meer daarvoor nie. Dit is te veel in elke opsig deur die ervaring bevestig en bewese, en het daarom geen nuwe bewyse meer nodig nie. En so sou die mens homself kennelik ook baie seker in die suiwer geestelike sfeer gedra het as hy alles haarfyn en sonhelder sou verstaan het wat die groot profete van Elohim in die boeke van die wysheid opgeskrywe het. Hy sou gou gaan slaap het en uiteindelik nêrens meer oor iets nagedink het nie. Waaroor sou die mens dan ook nog oor enigsins wil nadink, as hy alles tog alreeds verstaan?!

[13] Elohim weet daarom baie goed in welke situasie Hy die mense moet hou dat hulle moet dink, wil en werklik besig moet wees. Hy mag doen wat hy wil – as dit maar net nie niksdoen is nie!

[14] Ek besef nou ook dat die geskiedenis van die Messias en die verhaal daaroor lank nie so `n sterk indruk op my sou gemaak het as ek nie uit Jesaja alle tekse wat daarop betrekking gehad het, bykans heeltemal sou verstaan het nie. Oor die drie sterrekonings sou ek hoogstens geglimlag het, as hulle met hulle mistieke, wyse tirades by my sou gekom het, en as elke ander een wat dit aanbetref by my

sou gekom het, sou hy geen haar beter daaraan toe gewees het nie!

[15] Maar omdat dit alles tot op die oomblik in `n gelowige halfdonker gebly het, voel ek nou `n des te groter vreugde omdat die Een wat alleen so moeilik en onverstaanbaar is om te glo, Homself so helder voor my oë ontvou het en omdat ek Hom nou voor my sien, vir wie alle Judeërs en ook ek so verlangend op gewag het! - Majesteit en Meester, het ek U verstaan of nie?"

### *Skabbi en die Messias*

**206** "Ja wel, ja wel!" sê **Ek** en vra hom dan: "Wel, beste vriend, omdat jy volgens die mening van die mense, in elke opsig baie intelligent blyk te wees en baie dinge baie korrek en skerp beoordeel, sê My nou eers volgens eer en gewete, wat jy jou dan van die Messias, wat jy nou in My sien, voorstel! Watter doel sal die huidige optrede van die Messias dan nou eintlik hê?!

[2] **Skabbi** sê: "Ja, verhewe Vriend, dit is `n besonder netelige vraag, dit wil sê nie volgens my vroeëre, heeltemal verkeerde, uit versigtigheid voortkomende mening dat U deur onverstaanbare wonders en sluwe vrae my in `n moontlike vyandigheid teenoor die Romeine wou ontlok nie, maar suiwer ten opsigte van die mistieke persoonlikheid van die Messias self, oor wie juis Jesaja baie merkwaardige dinge getuig, waaruit geen mens iets wys kan word nie. Want die een keer is die Messias `n Koningseun, dan weer `n Sterke en Magtige Held, dan weer `n Seun van Elohim, dan weer `n Seun van `n maagd! Eén keer sê Jesaja (Jes.25: 6-9):

[3] 'JaHWeH Sebaot sal op hierdie berg vir alle volke `n ryk maaltyd berei, `n maaltyd bestaande uit suiwer wyn, vet, murg en wyn sonder besinksel. En Hy sal op hierdie berg wegdoen met die omhulsel waarmee alle volkere omhul is en met die bedekking wat die heidene se sig belet. Hy sal die dood verswelg en JaHWeH sal die trane van alle gesigte afwas en met die smaad van Sy volk in alle lande wegdoen, want JaHWeH het so gesê. In die tyd sal die mens sê: 'Sien, dit is ons God waarop ons wag, Hy sal ons help! Dit is JaHWeH op wie ons wag om ons te verheug in Sy verlossing!'

[4] Kyk, verhewe Majesteit en Meester, dit is die veelbetekenende woorde van die profeet. Maar wat moet jy nou daarvan uitmaak? Watter en waar is die berg, waarop JaHWeH ons `n baie vreemde uitstaande vet maaltyd sal berei bestaande uit suiwer wyn, vet, murg en nogmaals uit wyn sonder afsaksel? Wie dit smaaklik sal vind, moet egter `n baie gesonde maag hê!

[5] `n Natuurlike betekenis kan hierdie maaltyd nie hê nie, maar slegs `n geestelike. Maar wie kan dit uitvind? Wat is die berg en wat is die vreemde vet maaltyd? Ek vind dat die mensdom eintlik daarmee vir die gek gehou word! Op dieselfde berg sal die Meester, volgens wat ek aanneem, dus die Messias, die omhulsel wat die volke omhul, verwyder en die bedekking van die gesigte van die heidene wegneem. Dit sou nog te verstane gewees het, maar die berg, die berg, waar is dit dan en wat is hy?

[6] Dat Hy die dood kan en sal verslind en ook die smaad van Sy volk in alle lande, dus ook in ons Persië, sal ophef, is ten minste nou vir my duidelik, omdat ek gesien het hoe U die dooies in die lewe teruggeroep het.

[7] Maar vervolgens laat Jesaja die gelukkige volk op die berg uitroep: 'Dit is onse Elohim, onse JaHWeH!' Is dit die God van Abraham, Isak en Jakob? So ja, dan is U dus dieselfde Een wat op Sinaï aan Moses die wette gegee het en dit daar gedonder het : 'Ek alleen is JaHWeH jou Elohim, buiten My sal jy geen ander Elohim glo of dien nie!'

[8] As Jesaja in ooreenstemming was met die wet van Moses, dan kon hy onmoontlik met die Messias nog `n God laat opduik het. Maar omdat Jesaja Hom so vele kere eenduidig as God laat verskyn het, moet U egter dieselfde God wees wat al op Sinaï met Moses gepraat het!

[9] Wat kan U my nou na aanleiding van die uitspraak van die profeet sê, as ek nou voor U neerkniel en U hardop begin te aanbid as die God van Abraham, Isak en Jakob?!"